DIE LITANIE VAN DIE HEILIGES

Here, ontferm U oor ons; *Here, ontferm U oor ons*.
Christus, ontferm U oor ons; *Christus, ontferm U oor ons*.
Here, ontferm U oor ons; *Here, ontferm U oor ons*.

Heilige Maria, *bid vir ons.*
Heilige Moeder van God, *bid vir ons.*
Heilige Migael, Gabriël, Rafaël, *bid vir ons.*
Heilige engele van God, *bid vir ons.*

Heilige Abraham, *bid vir ons.*
Heilige Isak en Jakob, *bid vir ons.*
Heilige Moses en Elia, *bid vir ons.*
Heilige Samuel en Dawid, *bid vir ons.*

Heilige Anna, Joagim en Elisabet, *bid vir ons.*
Heilige Johannes die Doper, *bid vir ons.*
Heilige Josef, *bid vir ons*.
Heilige patriarge en profete, *bid vir ons.*

Heilige Petrus, Andreas en Paulus, *bid vir ons.*
Heilige Johannes en Jakobus, *bid vir ons.*
Heilige Filippus en Bartholomeüs, *bid vir ons.*
Heilige Judas Taddeus, *bid vir ons.*

Heilige Simon en Thomas, *bid vir ons.*
Heilige Barnabas en Mathias, *bid vir ons*.
Heilige Mattheüs, Markus en Lukas, *bid vir ons.*
Alle heilige apostels en evangeliste, *bid vir ons*.

Heilige Maria Magdalena en Veronica, *bid vir ons*.
Heilige Stefanus en Lourens, *bid vir ons*.
Heilige Perpetua en Felicitas, *bid vir ons.*
Heilige Agnes en Lucia, *bid vir ons.*

Heilige Hiëronymus, *bid vir ons.*
Heilige Ambrosius, *bid vir ons.*
Heilige Augustinus, *bid vir ons.*
Heilige Gregorius, *bid vir ons*.

Heilige Basilius, *bid vir ons.*
Heilige Benedictus, *bid vir ons.*
Heilige Athanasius, *bid vir ons.*
Heilige Johannes Chrysostomus, *bid vir ons.*

Heilige Antonius, *bid vir ons.*
Heilige Johannes van die Kruis, *bid vir ons.*
Heilige Bernardus, *bid vir ons*.
Heilige Bruno, *bid vir ons*.

Heilige Dominicus en Franciskus, *bid vir ons.*
Heilige Pastoor van Ars, *bid vir ons*.
Heilige Johannes Bosco, *bid vir ons*.
Heilige Ignatius van Loyola , *bid vir ons.*

Heilige Barbara, *bid vir ons*.
Heilige Clara en Katarina, *bid vir ons.*
Heilige Theresa van Avila, *bid vir ons.*
Heilige Edith Stein, *bid vir ons.*
Alle heiliges van God, *bid vir ons.*

Wees genadig, *red ons en verlos ons, Heer.*
Van alle kwaad, *red ons en verlos ons, Heer.*
Van alle sonde, *red ons en verlos ons, Heer.*
Van die ewige dood, *red ons en verlos ons, Heer*.
Deur u Menswording, *red ons en verlos ons, Heer.*
Deur u Dood en Opstanding, *red ons en verlos ons, Heer.*
Deur die koms van die Heilige Gees, *red ons en verlos ons, Here.*

Ons sondaars, *ons bid U, verhoor ons.*
Dat U u heilige Kerk sal bestuur en bewaar. *Ons bid U, verhoor ons.*
Dat U u dienaar, ons Pous ***N.***, en alle Biskoppe
al hoe meer na Christus sal omvorm,
Hy wat die Bruidegom van die Kerk is;
*ons bid U, verhoor ons.*
Dat U alle volkere die vrede en eenheid sal verleen.
*Ons bid U, verhoor ons.*
Dat U ons in u heilige diens wil aansterk en bewaar.
*Ons bid U, verhoor ons.*
Dat U hierdie Wydeling sal seën en heilig.
*Ons bid U, verhoor ons.*
Dat U hierdie Wydeling sal seën en heilig en wy.
*Ons bid U, verhoor ons.*
Jesus, Seun van die lewende God.
*Ons bid U, verhoor ons.*
Christus, hoor ons; *Christus, hoor ons.*
Christus, verhoor ons; *Christus, verlos ons*.